Die plek van *Kerkspieël*

Kobus Schoeman en Jan Bisschoff

Die agtste *Kerkspieël*-opname het in Augustus en September 2006 plaasgevind. Elke gemeente en predikant van die NG Kerk het vraelyste gekry. 'n Ewekansige steekproef vir die vraelyste is aan erediensgangers en gemeenteleiers gestuur.

Die *Kerkspieël*-opnames kan 'n belangrike bydrae tot die gesprek binne die kerk en gemeentes lewer. Dit is altyd nodig om vanuit ons gereformeerde tradisie selfondersoekend en krities na onsself te kyk. Maniere van doen wat tien en twintig jaar gelede goed gewerk het, gaan nie noodwendig in nuwe en veranderende omstandighede dieselfde gevolge en resultate lewer nie.

Kerkleiers en gemeentes kan verskeie bronne en hulpmiddels vir kritiese selfondersoek gebruik.

Uiteraard is die Bybel 'n kernbron in ons nadenke oor kerk- en gemeente-wees. Daarmee saam loop ons eie geloofstradisie en teologiese raamwerk wat bepaal hoe ons oor 'n gemeente dink. Ons konteks het onvermydelik 'n sterk invloed op die manier waarop ons ons kerklike lewe inrig en waarop ons optree.

Kerkspieël probeer om sekere empiriese inligting in die spel te bring. Dit gee data en statistiese gegewens van die kerk en gemeentes weer. Al dié invalshoeke behoort in ons kritiese nadenke verreken te word.

Kerkspieël is 'n belangrike bron van inligting. Dié inligting behoort binne 'n bepaalde raamwerk verstaan te word.

- Dis 'n bron wat deel van verskeie ander bronne is.
- Dis deel van 'n proses van verstaan en nadenke.
- Dis 'n stem náás ander stemme.

Dit wil 'n hoë standaard van geldigheid en betroubaarheid handhaaf. Die gegewens en data moet deel van 'n groter proses van nadenke en kritiese refleksie wees, anders is dit maar net interessante gegewens. Dé empiriese inligting kan deur die kerkleiding gebruik word in die soeke na 'n meer geloofwaardige bestaan vir die kerk en gemeentes.

Teen dié agtergrond, en as deel van 'n voortgaande kritiese gesprek, bied ons 'n paar van die interessante tendense en gegewens van die afgelope opname aan.

Leraar se waarmerk as leier

Jan Bisschoff

Ons dominee in die spotprent het 'n probleem. Dit lyk of die watervlak styg en hy besig is om te sink. In dié artikel het die water te doen met sy aanvaarding as leier. Daar is predikante wat in hierdie tyd nogal worstel met hulle leierskapsrol.

Leierskap in 'n gemeenskap word op verskillende maniere gelegitimeer. Vir een is dit die "leier" se opleiding (akademiese kwalifikasies) wat hom of haar aanvaarbaar maak. Vir 'n ander is dit die "leier" se vermoë om sekere take te verrig.

In 'n gemeentelike konteks kom daar nóg goed by. Dit is dinge soos om die vertroue van die geloofsgemeenskap te geniet, om predikantstatus te hê

Dominee, ontspan, jy sal nie sink nie ... maar klou vas …!

Blaai om

(Vanaf bl 3)

(om geordend te wees), en om deur God vir hierdie taak geroep te wees. Ander faktore soos fisieke voorkoms, geslag en etnisiteit speel ook 'n rol.

In die 2006-opname van *Kerkspieël* is dié vraag aan predikante gestel: *'n Verskeidenheid faktore beïnvloed 'n gemeente se aanvaarding van die predikant se leierskap. Hoe belangrik is elk van die volgende in u huidige gemeente se aanvaarding van u leierskap?* (Vraag 46).

Die response op hierdie vraag word in die onderstaande tabel gegee. 'n Soortgelyke ondersoek is in 2001 in die VSA gedoen. Agthonderd-twee-endertig predikante van die Katolieke en Protestantse tradisie het hieraan meegedoen. Dié resultate word in persentasies gegee, met die getal NG predikante in die laaste kolom. Wanneer die respons bestudeer word, is die volgende opvallend:

- Die vier belangrikste elemente in die aanvaarding van predikante se leierskap is volgens hulle:
  - Bedieningsbevoegdheid
  - Roeping
  - Vertroue
  - Status (geordien en bevestig) as predikant
- Die volgende sake lê tussen belangrik en van min belang:
  - Ras of etnisiteit
  - Akademiese kwalifikasies
- Die volgende sake word as van min belang beleef:
  - Fisieke voorkoms
  - Geslag

Die *A-tot-Z Handleiding vir Predikante* wat met die 2007-sitting van die Algemene Sinode aanvaar is, bevestig hierdie aanvoeling van predikante. Juis daarom is voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) en deelname aan 'n mentorsprogram so noodsaaklik. Dit bied die geleentheid om vaardighede aan eietydse behoeftes te koppel, om roeping en die huidige situasie te integreer, asook om krities oor die verhouding van die predikant met die plaaslike gemeente te reflekteer.

Wanneer die VSA-resultate saamgelees word, word die belang van konteks beklemtoon. Akademiese kwalifikasies, fisieke voorkoms en geslag speel dáár 'n groter rol as in SA. Ras of etnisiteit speel 'n kleiner rol.

Soms voel dit regtig of die watervlak aanhoudend styg en jy wil sink. Leierskap stel vandag hoë eise aan elke predikant.

Die resultate bevestig die perspektief dat daar wel iets aan die sake wat regtig saakmaak gedoen kan en moet word. Daar is geen rede om te sink nie. Klou vas en bestuur die druk deur die bronne te benut wat beskikbaar is en voortdurend ontwikkel word.

● *Jan Bisschoff, 'n voormalige studenteleraar, is die afgelope 18 jaar lank leraar van die gemeente Skuilkrans in Pretoria. Hy kombineer sy liefde vir die praktiese teologie met 'n analitiese ingesteldheid (opgelei as ingenieur!) in sy jarelange betrokkenheid by* Kerkspieël.

		Van groot belang	Ietwat belangrik	Ietwat on-belangrik	Van min belang	
		in % aangedui				
Om predikant van die gemeente te wees (V150)	SA VSA	73 58	21 21	4 7	2 14	795
U akademiese kwalifikasies (V151)	SA VSA	8 43	43 26	29 12	20 9	796
Om 'n duidelike roeping van God te hê (V152)	SA VSA	79 87	17 10	3 2	<1 2	798
Om bevoeg te wees in die bedieningstake, insluitende prediking (V153)	SA VSA	86 88	13 11	<1 <1	<1 <1	805
Om die vertroue van die meerderheid van die gemeente te hê (V154)	SA VSA	77 91	20 8	2 <1	<1 0	801
U fisieke voorkoms (V155)	SA VSA	5 24	30 48	35 16	30 12	800
U geslag (V156)	SA VSA	7 44	34 25	30 16	29 15	801
U ras of etnisiteit (V157)	SA VSA	35 17	34 28	14 19	17 36	800